‘n Hersteljaar is op die horison.

17 September 2023

Ds. Teodor van der Spuy
tvanderspuy@moreleta.co.za

Inleiding

Die storie van Jesus is een van bekering, omdraai en oorbegin. Dis ook die tema van Jesus se heel eerste preek wat Hy lewer in Lukas 4:18. Jesus kondig die Jubeljaar of Genadejaar aan soos wat Hy dit voorgehou het uit die Profeet Jesaja (Jesaja 61:2). Om die konsep van die Jubeljaar te verstaan moet ons in diepte kyk na die hele Levitikus 25.

Wenke vir leier

Maak seker elke lid in jou kring ontvang ‘n Plant&Pledge koevert.

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Lees saam

Luk 4:18
Jes 61
Lev 25
Deut 6:12
Deut 8:14

Gesels saam

- Levitikus 25:3 sê dat die Israeliete moet kan rus en dat om te rus, eer aan die Here bring. Hoe kan rus eer aan die Here bring?
- Volgens Walter Bruggeman is die een groot rede vir die Sabbat ‘n dag van ‘onthou’. Dis om een dag ‘n week anderste in te kleur en die roetine van die week opsy te skuif. Wat is die eienskappe van God wat jy aan kan dink en onthou? Lees Deut 6:12 en Deut 8:14
- Die rusjaar, die jubeljaar en die rusdag het almal een ding in gemeen. Jy wat rus, verwoord iets van jou vertroue in God en nie in jou eie werke nie. Verlede week het Cois de Kock gemeentelede uitgedaag om God net een keer in jou lewe te vertrou. Het jy ‘n storie spesifiek rondom finansies waar jy die Here volkome vertrou het?
- In die metafoor van ‘n wingerd: watter oes voel jy haal jy op die oomblik af in jou lewe? Het jy ‘n belewenis van blokkasie, van oorvloed, van hoop of is jy mismoedig? Deel met mekaar julle harte.
- Jesus se hart vir jou is een van herstel en om volkome vertroue in Hom te hê. Jesus is die Jubeljaar en die hoop vir jou situasie. Wat herstel moet word sal net jy weet. Spandeer tyd in gebed en dink vir ‘n oomblik deur die volgende temas:
  Het jy herstel nodig in jou huwelik, vriendskappe, huishouding, werksplek, teenoor ander rasse of iets ander?
  Bid dat die Here ‘n Jubeljaar oor jou situasie kom aankondig.

Doen saam

Plant&Pledge: Jesus het ‘n herstel agenda ook vir Moreleta Kerk ingedagte. Plant&Pledge is die jaarlikse geleentheid waar ons die Here vertrou vir deurbraak en uitbreiding in ons finansies. Sal jy saam met ons fyn luister hoe die Here jou finansies in Sy storie wil gebruik hier by Moreleta Kerk? Sal jy die Here genoeg kan vertrou om gehoorsaam te wees?

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke
076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum wholeness@moreleta.co.za 012 997 8035

plant & pledge

naam & van

epos

kontak nommer

plant & pledge	bedrag
elektronies / kontant (eenmalig / langer periode)	R
verhoog debietorder (vul asb debietorder vorm in)	R
nuwe debietorder (vul asb debietorder vorm in)	R

dankoffer	bedrag
elektronies / kontant (eenmalig / bo bestaande bedrag oor 'n langer tydperk)	R
verhoog debietorder (vul asb debietorder vorm in)	R
nuwe debietorder (vul asb debietorder vorm in)	R

zapper

elektroniese betaling

Gemeente bankbesonderhede:
Moreleta Kerk
ABSA Woodlands
Tjekrekening 349 0143 547